LEVITIKUS 10:1-10,16:1-2 NGK MIEDERPARK 13/9/09

TEMA: RESPEK VIR GOD Ds Okkie Cilliers

Dis 'n groot dag vir die Jode. Hulle is in die woestyn en het nie kerk nie. 'n Tent word op spesifieke voorskrifte gemaak en dien as 'n tydelike soort tempel. Die tent is die *tabernakel* genoem en dit is rond karwei terwyl hulle deur die woestyn getrek het. Salomo het later ’n permanente struktuur gebou. Hierdie dag is vir die Jode 'n groot dag want dit is die inwyding van die Tabernakel en daar word behoorlik fees gevier. Die heel eerste offers word deur Aaron en Moses. Presies soos wat die Here dit van hulle verwag handel die 2 broers elke item van die erediens af. Die hoogtepunt van die byeenkoms is wanneer hulle deur die 3 dele van die Tabernakel kon gaan - die plek van samekoms waar almal bymekaar gekom het, dan die heiligdom wat die voorste twee derdes van die tent beslaan het waarin sekere heilige brode, lampe tafels e.a gehou is.. En dan was daar die allerheiligste -een keer per jaar kon die ho雙riester daar agter die gordyn ingaan en op die "Jom Kippoer" (Dag van Versoening) is daar vir die volk vergifnis gevra vir hulle sondes. *Alles is op spesifieke voorgeskrewe maniere gedoen.*

Natuurlik was die rol wat die priesters gespeel het baie belangrik. Van hulle take was om o.a. al die diere te slag wat gebring is om geoffer te word - en dit moes op 'n baie *spesifieke manier gedoen word*. Elkeen van die priesters het 'n spesifieke taak gehad *wat baie presies uitgevoer* moes word. Alles was op 'n voorgeskrewe manier gedoen - die klere wat die ho雙riester gedra het, die soorte offers wat gebring is, die artikels wat rond gedra is, die gebede wat gebid is...

Dan ontaard dinge skielik in chaos! Dis 'n heilige oomblik as die tent ingewy word en Moses en Aaron die tent ingaan om vir die Jode te bid. Maar skielik slaan Nadab en Abihu, Aaron se 2 seuns morsdood neer terwyl hulle met 'n vuurpan gewerk het. ('n Vuurpan is 'n bakkie wat aan 3 kettings hang. In die bakkie is kole gesit wat rondgedra is en wierook is ook daarin gesit vir die reukoffers.) Hulle is besig om hulle werk as priesters te doen, maar iets word verkeerd gedoen en 'n "vuur van die Here" (waarskynlik 'n weerligstraal) maak hulle op die plek dood. Waarom dan tog? Hulle moes dit seker opreg bedoel het. En as iets verkeerd gedoen is kon dit tog oorgesien word want dis die eerste keer dat so iets gedoen is en niemand was regtig al ingeoefen met die goed nie. Sou 'n waarskuwing nie eerder die ding gedoen het nie. Iets moes verskriklik skeef geloop het dat so 'n drastiese ding gebeur. Die 2 manne sterf in die fleur van hulle lewens terwyl hulle besig is *kerkwerk* te doen! En hulle was nie 2 paloekas nie – hulle was vroe雛 saam met Moses die berg op en hulle het die voorreg gehad om God se voete te sien!

Maar hulle het nie die opdrag gehad om op daardie oomblik God se plek met so 'n offer binne te gaan nie. Hulle was priesters ja, maar op die groot Dag van Versoening moes hulle bloot Moses en Aaron se handlangers gewees het. En dit wou die 2 nie doen nie. Dit lyk asof hulle wou wys wie hulle is - die seuns van die ho雙riester en die 2 dominees was nie tevrede met 'n hulpdiens nie. Hulle wou dinge doen soos dit hulle pas en sonder God se opdrag wou hulle God se plek ingaan. Hulle was moedswillig ongehoorsaam en die Here sou dit nie toelaat nie. Hulle is voorheen hieroor

gewaarsku (Eks 28:43). As die ding sou gebeur sou 'n verskriklike ramp *oor die volk* gekom het. God moes ingryp anders sterf onskuldige mense weens hulle ongehoorsaamheid.

Wat so onskuldig en opreg voorgekom het was niks anders as dom vermetelheid en blatante ongehoorsaamheid nie. As gekyk word na die opdrag wat direk hierna aan Aaron se ander seuns na die 2 se dood gegee is (10:8-10), lyk dit asof die 2 dronk was toe hulle hul werk voor die heilige God moes doen. Hierdie was mense wat deur God aanges?is om naby Hom te leef en spesifieke dinge naby aan Hom te doen. *Dit wat 'n onbeskryflike voorreg moes gewees het, word 'n verskriklike tragedie.* Want hulle wou naby wees en doen dit soos dit hulle pas - die voorreg word misbruik. Daarom betaal hulle die prys want die eise wat Hy stel oor heiligheid en onheiligheid is ononderhandelbaar.

Ek wonder baie oor dit wat vandag voorgehou word as "Christendom"? Jesus se woorde in Mat 7:14,21 en Gal 6:7 e.a. spook by my. Ek weet dat dit nie in geloof gaan om 'n klomp reels en regulasies nie. Want geloof draai nie om wat jy mag doen en wat jy nie mag doen nie; waar jy mag loop en waar nie; wat jy drink en of jy nie drink nie; watter soort vuurpan jy dra en hoe lank die tosseltjies aan jou priesterklere is nie... Want geen ding wat jy doen be꧁druk God op enige manier nie. *Al wat God be꧁druk is my geloof in Jesus - die bloed van die Lam?aan die kruis het geloop in my bloed se plek, slae wat gevat is in my plek en 'n lewe wat geneem is in my plek - en die lewe wat toe terug gegee is aan Jesus met sy opstanding het ook my opstanding geword... Dit is die dinge wat my in geloof red!*

Dis juis waar die probleem l? as ek in die geloof leef, is ek in 'n ander klas as die een wat nie geloof het nie (1 Kor 1:24). Die dinge wat ek vandag doen, is die bewys dat ek in daardie klas is. En ja, natuurlik maak kinders van die geloof ook foute en die modder waarin hulle kan val is vuil en diep. En ja, God se genade is steeds so groot dat uit daardie modder opgestaan kan word en voortgegaan word met die lewe in die geloof.

✍➶❒■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➶♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏♦ ☼❒❍♋■✂☮ *Maar wie nie opstaan nie, is dood (Jak 2:14) en wat jy saai gaan jy oes (Gal 6:7).* My dade vandag bepaal of ek respek vir God het en waar ek die ewigheid gaan deurbring.

Ek is bang as ek hierdie woorde hoor, want ek besef dat God se koninkryk nie gebou word met goeie voornemens nie. Om te s?dat "ek nog wou… ek het gewag vir die regte tyd…ek het nie daarvan gehou nie…" is lewensgevaarlik voor God en 'n onbeskryflike voorreg word misbruik. Want ek besef meer en meer dat hierdie lewe in geloof saam met God nie nagemaak kan word nie. Jy kan vir 'n rukkie voorgee dat jou vuurpanne en wierook suiwer is maar dan stap jy op 'n plek in waar jy nie hoort nie en die Here ontmasker jou vir wie en wat jy is - 'n dronk mens wat maak wat hy wil. Die meeste mense verstaan nie die erns hiervan nie. Hulle weet dat kerk en godsdiens goed vir hulle en hulle gesinne is en hulle is ernstig hiermee. Sommiges het soos Nadab en Abiru selfs die voete van die Here gesien! Maar hulle misbruik 'n onbeskryflike voorreg want hulle maak wat hulle wil.

Waar is die respek vir die heilige God?! As predikant sien ek hoe huwelike ineenstort weens moedswilligheid en trots. Ek help mense om lidmate te word van die Here se kerk en sien hoe hulle 'n streep deur die beloftes trek en voortgaan met hul lewens asof daar nooit 'n ontmoeting met God was nie… Ek luister na iemand wat uitvaar teenoor die kerk en sy redes waarom hy nie hier is nie, is baie (en sommige is seker ook wettig!)… Ek probeer iemand help om deur sy pyn met ander te werk en sy haat en bitterheid is venynig en ek wonder wat het geword van die man wat in die openbaar die Here bely het…Ek doop mense se kinders en sien hoe hulle hul beloftes kruisig met die voorbeeld wat hulle vir hul kinders stel… Ek praat met kinders en sien hoe hulle vroom in die kerk sit maar tussen hulle vriende is dit alles behalwe vroom dinge wat gedoen word… Ons praat oor geloof maar wil nie afstand doen van Nadab en Abihu se trots nie!

Ek kyk na my eie lewe en ek wonder oor dit wat ek in my stilligheid en in die openbaar met God se vuurpanne en wierook doen. Ek weet dat die Here se genade met my baie groot moet wees en *ek gryp die dinge van die kruis met albei hande vas*. Goddank dat dit my enigste redding is. Soos die priesters weet ek wat om te doen, maar ek wil dit nie doen nie.

Wat bang en bekommerd maak, is dat ons almal deur die bank s?dat ons God se mense is; sommige is wel bietjie van koers af, maar almal reken dat hulle saak met God reg is. Maar dit is nie. Hulle is vermetel en dalk dronk ook want hulle speeel met bliksemstrale wat aan die opsteek is en wat op die dood uitloop. Soos die priesters weet hulle presies wat om te doen en wat die Here van hulle verwag, maar doen dit nie.

Die dinge wat ons doen is niks in vergelyking met ***die verskonings*** waarmee ons leef nie.

"*Ag, ons is net mense en kan in elk geval nie die 10 gebooie hou nie*" is een se verskoning. (Christenskap het niks met die 10 gebooie te doen nie maar l?in Jesus wat in jou kom woon en jou lewe verander.)?"*Ek is maar net 'n mens"* s?'n ander een. As ek net 'n mens gebly het, het Jesus verniet uit die dood opgestaan. Want sy opstanding het my 'n nuwe mens gemaak (2 Kor 5:17). Sulke verskoning het Nadab en Abihu hul lewens gekos want die eie offers is te lekker*! "Ek is seker skuldig, maar daar is 'n rede voor...*" en dan word die sondes van ander oopgekrap, bitterheid oor dinge wat jou aangedoen is kry nuwe betekenis, goed in die kerk wat pla word kapstokke waaraan dinge opgehang kan word... Dis die oer-oue probleem van selftrots. Soos Nadab en sy broer sal ons ons nie laat voorskryf om God se handlangers te word nie. En so skryf ons arrogant voor watter vuur op die vuurpan moet wees en hoe wierook moet ruik voordat ons saam met die ander priesters sal dien!

Jy moet jou lewe red! Want dit maak nie saak wat ander doen, hoe diep jy in die sondes sit nie en hoe moeilik dinge vir jou is nie - JY moet JOU LEWE red. Jy moet voor God buig. Want God is heilig en verwag dat ons so moet wees. Bring daarom offers wat heilig is. Begin met jou?lewe.

Wat is jou reaksie as jy hierdie dinge hoor? As jy ongemaklik/kwaad word, gee jy jouself weg en het jy na alle waarskynlikheid nie vrede met God nie want jou offers wat jy bring is jou eie afskeepgoedjies aan die heilige God. As jy bang en onrustig word, weet jy dat die Here vandag ‘n afspraak met jou het om jou lewe te red.

Let op na Aaron se reaksie: "Aaron was sprakeloos" (vers 3).?"Here, ek het nie geweet die goed is so ernstig nie. Ek het nie geweet dis wat U van my vra nie. As ek dit geweet het, het ek anders opgetree en my kinders ander geleer" was sy waarskynlike woorde. Hy moes met 'n skok ontdek dat God hulle weens hierdie goed weg gooi. Hy wil nie eers h?dat trane oor die dooie kinders gestort moes word nie. Dis verskriklik!

Op die einde kom alles op een ding neer: daar is nou tyd om reg te maak en sonder verskonings jou offers vir die Here te kom aanbied.

Want daar is ook 'n ander kant van die verhaal. God se werke met die mense bestaan, Goddank, nie net uit 'n jaloerse woede nie. Hy het ook 'n genadige kant. Aaron mag nie oor sy kinder gerou het nie omdat hulle nie respek vir die Here gehad het nie. ***Maar die volk mag wel gerou het*** (vers 6). Hulle offers was heilig , toe kon hulle maar huil.

As jou offers heilig is, kan jy maar huil - as jy wil regmaak sal jy altyd plek in God se hart kry om dit te doen. Let mooi op wat gebeur: Aaron en Moses moes wel in die tent gaan sit en daar vir die volk gaan offer vir hulle sondes en deur hierdie offers kon die mense weer by God se hart uitkom. *Sonder dit het die volk niks gehad nie.*

Ons het nog steeds niks nie. Die Bybel leer ons dit en ons weet dit dat selfs die mooiste dinge wat ons doen, korrup en verrot van die sonde is. Ons het niks om God aan te bied nie en met le?hande uitgesteek moet ons verle? skaam en verneder na Hom toe kom want *ons het geen offers om aan te bied nie.* Ons kan net huil oor ons hoogmoed en die dinge wat verkeerd is en God se weerlig moet bring. *Ons het nie 'n offer om te bring nie!*

Al wat ek het, is Jesus en die offer wat Hy gebring het - soos Moses in Aaron het Hy in die tempel gaan sit en 'n offer vir my gebring (Heb 9) Ek is nie heilig nie, maar Hy is; ek is nie sonder sonde nie maar Hy is; ek het nie bloed/lewe om te gee nie maar Hy het… en met Jesus wat voor my staan en in my bly, durf ek voor God gaan staan. Want al wat die Vader mag sien, is Jesus wat voor my staan en in my leef - dan geniet ek die liefde van God. As die Vader Hom nie raaksien nie en my lewe nie agter Jesus verskans nie kan ek niks anders te wagte wees as "die vuur van God wat verteer" nie.

Agter die bloed van Hom wat die Lam genoem word en geslag is as offer, gebeur dan wat met hierdie volk gebeur het: die Here laat jou toe om te huil. Sulke trane bring genesing.

Dit word berou genoem. Want God is nie roekeloos en harteloos nie. Hy het immers gesien dat sy verblufte mense voor die tabernakel met die dood van die 2 jongmanne nie net so gelos kan word nie. Hy steek sy hande na hulle uit en help hulle.

Net so staan Jesus vandag voor jou en vra aan jou wat is verkeerd, wat maak jou so onrustig? Dan is dit tyd om te huil want sulke trane bring genesing. Want daar is vir jou 'n offer gebring.

Dit word berou genoem. Dis die offers wat voor God neergesit word met die woorde: "Ek is jammer. Oor die dinge wat ek op die verkeerde plekke met die verkeerde mense met die verkeerde dinge gedoen het. Oor die woorde wat ges?is en gedagtes wat gedink is..."

En weereens besef ek dat die liga waarin ons speel anders is, die een wat heilig is.

✍➚□■♦ ♦♓⌘♏🖬🗁 ➚♋♍♏🖬✂❄♓❍♏♦ ☠♏♦ ☼□❍♋■✂☮ Want die dag toe Jesus jou offer geword het, het Hy dit vir jou moontlik gemaak om heilig te leef.

Kyk na *jouself* en kyk ook *rondom* jou. By jouself sien jy Nadab en Abihu raak - groot en klein dinge wat skeef geloop het en hartseer en bekommernis veroorsaak; sondes wat lankal verby moes wees maar nie oorwin kan word nie… baie dinge en jy wonder waar alles gaan eindig? Rondom jou lyk dit nie veel beter nie en die Nadabs en Abihu's is springlewendig aan die werk. Daar is ander wat met sondes worstel en sommiges worstel nie eers meer nie en stap oop o?die hel binne. Dinge gebeur wat onstellend is, bang maak en jy wonder waar dit gaan eindig?

Dis tyd om te huil!

Dis tyd om nuut te begin. Want ek weet Hy luister en saam met Jesus is daar altyd 'n nuwe begin want Hy is getrou. Ek weet nie aldag hoe en wanneer Hy werk nie, maar dat Hy na sy mense buite die tente luister, is verseker. **Dis nou die tyd om dit te doen.**

'n Mev NH Miller vertel dat sy kort voor Kersfees 'n beriggie in die koerant gelees het: *"Is daar dalk iewers 'n seuntjie van 3 wat ons vir Kerstyd kan leen? Ons het 'n lekker huis en sal hom goed versorg en veilig tuis besorg. Ons het ook 'n klein seuntjie gehad maar hy kon nie langer bly nie en ons mis hom so oor Kerstyd"*

Die eerste keer sedert haar man se dood het sy besef dat daar ook ander is wat hartseer ken. Haar man is in die buiteland dood en na sy begrafnis het sy haar ontrek en op die klein dorpie gaan woon waar sy gebore is. Sy het te goed geweet wat dit beteken om te verlang en hoe dof die liggies van Kersfees kan skyn. Net daar en dan besluit sy om 'n offer te bring en haar seun vir kersfees uit te leen. Die skrywer van die brief was toe 'n wewenaar wat by sy ma gebly het. Hy het sy vrou en seuntjie in een jaar verloor. Sy en haar seun het 'n wonderlike Kersfees met die wewenaar en sy ma deurgebring en saam het hulle iets beleef wat hulle nie gedink het hulle ooit weer sou kon beleef nie. Die beste deel van die Kersfees het egter oor die jare gehou. Want die man wat die brief geskryf het, het 6 maande later haar tweede man geword..

"Ek het nie gedink dat dit ooit weer moontlik sou wees nie…" Nee! Ek weet Hy luister en saam met Jesus is daar altyd 'n nuwe begin want Hy is getrou. Ek weet nie aldag hoe en wanneer Hy werk nie, maar dat Hy na sy mense buite die tente luister, is verseker.

Om God se krag te beleef, moet jy maak soos wat die Jode gedoen het toe hulle hierdie dinge gesien gebeur het: "Hulle het toe gemaak soos Moses ges?het (vers 7).

Doen wat die Here vir jou s?om te doen. Offer wat Hy jou vra om te offer.

Ons het die genade om ook so te maak.

Amen.